FORUM BOTANICUM

August, 1972

Vol. 10, 8

Augustus 1972

NEWS-LETTER OF THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF BOTANISTS
NUUSBRIEF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENOOTSKAP VAN PLANTKUNDIGES

S.A.G.P. - JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT, 1 JULIE 1971 - 30 JUNIE 1972:

Vergaderings: Vergaderings van die Raad het op die volgende datums plaasgevind: 9 Julie 1971 - Durban; 21 Augustus 1971 - Pretoria; 5 Februarie 1972 - Kirstenbosch.

Die volgende aantal Raadslede was op elke vergadering teenwoordig: 10, 11, 9 respektiewelik.

Die Uitvoerende Komitee van die Raad het vergader op 14 Januarie 1972 en 9 Junie 1972 te Pretoria.

Grondwet: Die grondwet van die Genootskap is weereens deeglik nagesien en dit word beplan dat, na die toevoeging van die Reglement i.v.m. ere-medalje vir Plantkunde, die grondwet gedruk sal word en aan lede beskikbaar gestel word. Dit sal in die toekoms dan ook aan elke nuwe lid beskikbaar gestel word.

Forum Botanicum: Die ere-redakteurs, mev. E.P. du Plessis en mnr. E.G.H. Oliver word baie hartlik bedank en gelukgewens met die bekwame wyse waarop hulle ons nuusbrief saamstel. Lede van die S.A.G.P. word ernstig versoek om gereelde bydraes en nuusbrokkies aan die redakteurs te stuur. 'n Volledige verslag en finansiële staat van Forum Botanicum sal ter tafel gelê word.

Lidmaatskap: Die ledetal van die S.A.G.P. sien tans soos volg daaruit:

Instituutslede	11
Gewone lede, studente, affiliate en gegradueerdes	162
Ere-lede nl. dr. M.R. Levyns, dr.M.A. Pocock, prof. H.G. Schweickerdt en dr. I.C. Verdoorn	4
	177

Die groei in ledetal is soos volg vir die afgelope drie jaar:

1969/70	-	126 lede
1970/71	-	147 lede
1971/72	-	177 lede

Die afgelope jaar het 7 Instituutslede by die Genootskap aangesluit. 'n Spesiale poging om Instituutslede te werf is aangewend. Briewe van uitnodiging is aan 34 binne- en buitelandse institute en Universiteite gestuur.

Dit is met leedwese dat kennis geneem word van die afsterwe van ere-lid dr. M.G.A. Henrici en lid dr. B.J. Cholnoky.

Vier lede van die Genootskap het bedank nl. mej. H.M. Heystek, mev. J.E. langenegger, mnr. M.A. Meyer en mnr. S.J. van Deventer.

Finansies: Dit gaan goed met die finansiële sake van die Genootskap. Daar kan ook met waardering gemeld word dat daar vanjaar slegs 6 lede agterstallig is met hul ledegelde. Die sekretaris/tesourier moet egter in sommige gevalle tot 5 X rekenings uitstuur. Dit is nie 'n gesonde toestand nie, bring onnodige sleurwerk en uitgawes mee. Die finansiële verslag word ter tafel gelê.

Afdelings van die S.A.G.P. Daar is tans vier aktiewe streeksafdelings met die volgende ledetal:

Oos-Kaap Afdeling	13
Suidwes-Kaap Afdeling	32
Noord-Transvaal Afdeling	56
Oranje Vrystaat Afdeling	19

Natal en Suid-Transvaal het nog nie afdelings gestig nie.

Die versale van die Afdelings word ter tafel gelê.

Gesamentlike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings: S.A.G.P. is geaffilieer by die G.R.N.V. Die verslag van die S.A.G.P. verteenwoordiger op hierdie Raad, dr. B. de Winter, word ter tafel gelê.

Index Herbariorum: Die "Index" is aan alle lede gestuur. Daar word met dank kennis geneem van die groot bydrae wat mnr. H.R. Tölken gelewer het met die daarstelling van hierdie werkstuk en lede word aangemoedig om die nodige verdere informasie te verskaf.

Simposia: Twee baie geslaagde simposia is gehou tydens die S_2A_3-kongres in Julie 1971 te Durban. Beide die twee simposia is deur die S.A.G.P. gereël nl. (i) Plantkunde aan Suid-Afrikaanse Universiteite; en

(ii) Bewaring van inheemse plantegroei.

Aktiwiteite van die S.A.G.P.: Gedurende die afgelope boekjaar het u Raad aan die volgende sake aandag gegee:

1. Bespuiting van plante met gifstowwe langs treinspore en nasionale paaie. Die Raad het ernstige aandag gegee aan die hele kwessie van die gebruik van gifstowwe langs spoorweë en paaie. Die saak is o.a. met die Adjunk Minister van Spoorweë, mnr. H. Maartens, bespreek deur die President. Briewe is ook gerig aan die Spoorwegadministrasie en Paaie-departement.

Aandag is ook gewy aan bespuiting van landerye uit die lug en ook water-bespuiting. 'n Beskrywingspunt hieroor is by die Transvaalse Landbou-Unie aanhangig gemaak. 'n Brief hieroor is aan Departement Landbou-tegniese Dienste gerig.

'n Artikel, waarin die hele probleem uiteengesit word, is deur dr. De Winter vir Forum Botanicum geskryf. Die saak word ook na G.R.N.V. verwys.

2. Verhouding van die S.A.G.P. tot S_2A_3. 'n Memorandum is aan S_2A_3 voorgelê waarin voorgestel is dat S_2A_2 hulle Afdeling B aan S.A.G.P. oordra. S.A.G.P. sal dan alle referate en simposia onder hierdie afdeling behartig. Die voorstelle is vooraf aan alle Raadslede beskikbaar gestel vir kommentaar.

Die voorstelle soos vervat in die S.A.G.P. memorandum is deur S_2A_3 aanvaar.

3. Ere-medalje. Daar is besluit dat 'n ere-medalje vir Plantkunde van die S.A.G.P. daargestel word. Die betrokke reglement dien voor die A.J.V. Die voorgestelde naam van die medalje is "Die Suid-Afrikaanse medalje vir Plantkunde".

4. Journal of South African Botany. Daar word tans met die Raad van Trustees van hierdie tydskrif onderhandel om dit aan bona fide lede van die S.A.G.P. teen 10% korting beskikbaar te stel. (R6,00 - 10% = R5,40 per jaar).

5. Permitte vir die versameling van plante. Nieteenstaande verskeie pogings, briewe en telefoonoproepe, is geen skriftelike antwoord nog van die Direkteure van Natuurbewaring ontvang op die voorstelle van die S.A.G.P. soos vervat in

die memorandum van 18 Januarie 1971 nie. Die saak sou volgens briewe ontvang van alle provinsies se direkteure, op die T.E.C.N.E.C.-vergadering van 8 Februarie 1972, gefinaliseer word. Niks is egter nog verneem nie. Die saak geniet nog steeds voorrang by u Raad. Sover die uitreiking van permitte betref word daar egter alreeds baie minder probleme ondervind.

6. Beskerming van plante in Bantoetuislande. In antwoord op 'n brief wat gerig is aan die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling het die Sekretaris van hierdie departement beloof dat die saak van die beskerming van die flora in die tuislande sy departement se aandag sal geniet.

7. Sandveldflora van Buffelsrivier. Die Raad neem met waardering kennis van die pogings wat deur mev. E.P. du Plessis aangewend word om hierdie gebied in toekomstige ontwikkeling beskerm te kry. 'n Belofte in hierdie verband is reeds van die Sekretaris van Gemeenskapsbou verkry.

8. Blomboerdery. 'n Memorandum is aan die Departement van Landbou voorgelê waarin die Raad se mening uitgespreek is oor moontlike beheer van hierdie bedryf. 'n Baie goeie reaksie is van die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste ontvang. Hierdie dokument is ter insae by die Sekretaris.

9. Inheemse bome in dorpe en stede. Briewe is gerig aan die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie waarin versoek is dat Munisipaliteite oor die hele land ernstige aandag moet skenk aan die beskerming van inheemse bome binne hulle grense. Die Munisipaliteite is ook aangemoedig om, waar moontlik, inheemse bome aan te plant. Hulp in hierdie verband is van S.A.G.P. kant beloof. Baie gunstige reaksie is op hierdie voorstelle ontvang.

Die lys van inheemse bome van mnr. Poynton is o.a. aanbeveel vir gebruik deur Munisipaliteite.

10. Internasionale Botaniese Kongres in S.A. Die saak word nog ondersoek. Dit lyk egter redelik onwaarskynlik dat so 'n kongres maklik in S.A. sal kan plaasvind.

11. Die aanplanting van plante in natuurreservate. Dit het onder die aandag van die Raad gekom dat daar in baie Natuurreservate op groot skaal ongewensde plante aangeplant word. Die Raad voel dat so 'n praktyk gevaar inhou

en teen die idee van 'n reservaat indruis. Derhalwe is briewe aan al die provinsies en S.W.A. se Direkteure van Natuurbewaring gerig waarin die Raad se mening vervat is. Die Direkteure is ook versoek om hulle Departement se beleid in hierdie verband duidelik te stel. Tot dusver is antwoorde van Transvaal, O.V.S. en Natal ontvang.

12. Snelweg deur Kirstenbosch. Die Raad het hom vereenselwig met die teenkanting teen die voorgestelde snelweg oor die ingang tot die Nasionale Botaniese Tuine van S.A. te Kirstenbosch. 'n Brief van beswaar is o.a. aan die burgemeester van Kaapstad gerig.

13. Lidmaatskapsertifikate. Daar sal vanaf die 1972/73 boekjaar sertifikate van lidmaatskap van S.A.G.P. aan alle opbetaalde lede voorsien word.

14. Korrespondensie. Alle briewe in verband met bogenoemde sake is ter insae by die ere-sekretaris.

Algemeen:

1. Ek wil graag my opregte dank uitspreek vir die geleentheid wat aan my gegun was om vir die afgelope jaar ons Genootskap te kon dien as President en alle lede bedank vir hulle ondersteuning en lojaliteit.

2. Graag wil ek alle Raadslede bedank vir hulle samewerking en hulp gedurende die afgelope jaar. Sonder hulle ondersteuning sou ons nie veel kon vermag nie.

3. 'n Besondere woord moet gaan aan ons Sekretaris/Tesourier vir die nougesette manier waarop hy die sake van ons Genootskap behartig het. Waar ek die beste kan oordeel aan wat hy vir ons Genootskap beteken, kan ek u met groot vrymoedigheid verseker dat sy dienste onmisbaar was. Ons kan nou net vir hom sê baie dankie.

5. 'n Spesiale woord van dank gaan ook aan die ouditeure vir die werk wat hulle so bekwaam gedoen het.

(H.P. van der Schijff.)

ANNUAL CONGRESS:- S.A.A.B. met concurrently with the South African Association for the Advancement of Science in Johannesburg from 2nd - 10th July, 1972. Thirty-three botanical papers were presented, the authors and titles being listed below:-

1. Prof. E.A. Schelpe (Botany, Cape Town): Intracontinental and intercontinental problems in the taxonomy and phytogeography of African ferns.

2. Miss. F.M. Thatcher & Dr. R.A. Lubke (Botany, Wits.): Population variation amongst grasses collected on mine dumps applying discriminant analysis.

3. H.F. Glen & Dr. R.A. Lubke (Botany, Wits.): Plant identification methods in use at the University of Witwatersrand.

4. H.A. van de Venter, Prof. P.J. Robbertse & Prof. J.G.C. Small (Botany, Port Elizabeth): Distribution and morphology of the acaulescent species of *Strelitzia* Ait. in South Africa.

5. Dr. K.H. Schütte (Botany, Cape Town): Comparative transpiration studies on some Cape proteas.

6. Dr. E.L. Böhm (Biochemistry, Cape Town): Studies on the mucilage fraction in the calcareous alga *Halimeda opuntia* L.

7. Dr. J.N. Eloff (Plantkunde, O.F.S.): Die mikroskaalsintesis van N-matiel-^{14}C-1-alanien.

8. Prof. P.J. Robbertse (Plantkunde, Pretoria): 'n Vergelykende anatomiese studie van die peule van die Suid-Afrikaanse *Acacia* spp.

9. L.A. Coetzer (Botaniese Navorsingsinstituut): 'n Bespreking van die blaarmorfologie van die genus *Bauhinia* L. en verwante genera.

10. Dr. R.N. Pienaar (Botany, Wits.): Studies on zoospore production in the Haptophycean alga *Pleurochrysis scherffelii*.

11. Dr. P.M. Nel (Botany, Wits.): The influence of B chromosomes and abnormal chromosome 10 on crossing over in chromosomes 5 and 9 in maize.

12. Dr. A. Eicker (Botany, Pretoria): The mycorrhiza of *Eucalyptus* leaf litter.

13. Dr. D.T. Mitchell and Miss S.M. Roberts (Botany, Cape Town): Carbohydrate physiology of two autoecious rusts commonly found in South Africa.

14. Prof. P.J. Robbertse, D.P. Ferreira & Prof. J.G.C. Small (Plantkunde, Port Elizabeth): Die embriologie en ontkiemingsmorfologie van *Drosera curviscapa* Salter.

15. Miss P.M. Tilney & Dr. R.A. Lubke (Botany, Wits.): A chemotaxonomic study of twelve spcies of the family Loranthaceae.

16. A.C. Henning and Dr. R.E. White (Botany, Wits.): Edaphic factors governing the distribution of *Colophospermum mopane*.

17. W.F. Reyneke.(Plantkunde, Pretoria): Stingelanatomie van die genus *Eucomis* L'Herit.

18. D.J. Botha & Prof. H.P. van der Schijff (Plantkunde, Pretoria): Die bou en ontogenie van die chlorenchiemweefsel in stingels van *Elegia* L.

19. Dr. A. Jacot-Guillarmod (Botany, Rhodes): The Schlabathebe Nature Reserve.

20. Dr. A.O.D. Mogg (Botany, Wits.): Synopsis of the flora of Sterkfontein and Swartkrans farms of palaeontological interest.

21. E.G. Groenewald & Prof. N. Grobbelaar (Plant Physiology, Pretoria): Physiological studies on certain South African *Pavetta* spp.

22. Prof. C.F. Cresswell, P. Fair, Miss E. Kaales & Miss R. Overbury (Botany, Wits.): The relationship between anatomy and type of photosynthesis found in some highveld grasses.

23. P. Fair (Botany, Wits.): The interrelationships of CO_2 Compensation Point (T), light intensity and nitrate assimilation and the ecological implications.

24. A.J. Tew (Botany, Wits.): The variability of enzymes involved in the light metabolism of *Hordeum vulgare* with respect to time and leaf position.

25. H.R. Tölken (Botany, Cape Town): Variation and speciation in the *Crassula sericea* complex.

26. Dr. R.E. Lee (Botany, Wits.): The chloroplast stromacenter of *Kalanchoë*.

27. Dr. P.J. Möhr (S.A. Kunsmisvereniging): Fosforreaksie by mielies op sekere grondseries van die Avalon en Huttonvorms.

28. Prof. J.G.C. Small & H.A. van de Venter (Botany, Port Elizabeth): Seed germination studies with *Strelitzia*.

29. Prof. T.A. Villiers (Plant Biology, Durban): Studies on seed viability.

30. Miss R.C. Mitchell (Plant Biology, Durban): The formation of polysomes in light controlled dormancy.

31. Mrs. R.L. Lloyd (Botany, Wits.): Tissue culture - an agent for circumventing a lethal condition in tobacco breeding.

32. Dr. C.C. Martin (Botany, Wits.): Promotion and inhibition of senescence in oat leaves.

33. Prof. J. de Wit (Agric. Biochemistry, Stellenbosch): Metabolism of 2,4-DB by *Emex australis*.

POST CONGRESS BOTANICAL TOUR - 8th - 12th JULY, 1972:- Mrs. L. Davidson, of the Moss Herbarium, University of the Witwatersrand, organized an exciting S.A.A.B. tour for the 32 participating plant enthusiasts (this included 21 professional botanists).

The University of Pretoria, Pasture Research Farm, Zoutpan, was visited where Dr. J.O. Grunow acted as our guide. Here the various *Combretum* species in fruit had a magnetic attraction for the photographers in the party.

An identification request, en route, for the tree with the straight white stem and few leafless branches seen growing at the roadside (*Bosica albitrunca*)was spontaneously identified by Mrs. "Fishy" Smith as the telegraph pole.

First night at Potgietersrust.

Mr. B. Maguire and other members from the Bernard Price Institute staff, brought Australopithicus' habits and quirks and even his bones to light at Makapansgat. What an enthusiastic mine of information Mr. Maguire proved to be; plant taxonomic problems were discussed in as much detail as zoological, archaeological and geological problems. Lunch was fittingly partaken at the Cave of Hearths. On leaving Makapansgat, an obstinate specimen in a TAN registration Mercedes, refused to budge from the dusty tract ahead of the bus, effectively blocking any escape for us back to civilization. No amount of pleading could alter this motorist's determination that a big SAR bus should reverse for him, which it couldn't. The threat of a Sunday Times scandal with photographs and all fortunately had the desired effect and he disappeared in a cloud of dust. The next two nights were spent at Tzaneen.

Modjadji, the rain queen, fortunately didn't live up to her name and we had perfect weather for the viewing of her rare "palms" (*Encephalartos transvenosus*) and her kraal. This was one of the tour highlights, despite the next few days of itches from minute red ticks. One of the Queen's matriarchs bestowed her attentions upon Dr. De Winter; he was considered as the only one worth engaging in an "indaba". A loin cloth of beads was not enough - she was even prepared to be photographed standing next to him - if the price was right!

A tea break with a difference was provided on a tea estate with both wet and dry samples being provided and a tour of the factory.

After Tzaneen we visited the Strydom Tunnel and Abel Erasmus Pass with lichen encrusted rocks, *Ficus sonderi* growing apparently happily out of bare rocks and limestone tuffas with waterfalls. The rugged beauty of the Blyde River Canyon Nature Reserve instilled springfever into two tour members whom we temporarily "lost" because they just could not stop walking.

A visit to Bourkes Luck potholes (name acquired during the days of the gold rush) was followed by the end of our luck with an ailing bus. Even cajoling from the choir in the back of the bus could not keep it going. In characteristic S.A.A.B. tour fashion - the show must go on - so we piled into cars and Landrovers. Those in the open truck were convinced that they had entered the domain of the abominable snowman.

Last night at Mount Sheba Nature Reserve. The hotel is delightfully situated on a grass covered koppie surrounded by hills covered with *Podocarpus* forest. Nature trails criss-cross the area. A walk along one of these had our bryologist (Prof. Schelpe) in ecstasy - the professorial cilial appendage was distinctly perky! There was, in fact, something for everyone here. Ferns and mosses galore, grasses, shrubs and trees, there were even some fynbos elements for the Cape botanists. The hotel owner is building up an herbarium for the use of his guests. Our rejuvenated bus had to make up for the time lost in this happy hunting ground, to get us back to civilization on schedule.

S.A.A.B. COUNCIL (1972/73):- The new Council took office in July at the University of Witwatersrand and consists of the following members:-

Prof. H.P. van der Schijff (President)
Dr. L.E. Codd
Prof. C.E. Cresswell
Prof. M.P. de Vos (S.W. Cape representative)
Dr. B. de Winter
Mrs. E.P. du Plessis (Hon. Treasurer)
Dr. A. Eicker (Hon. Sec. and N. Transvaal representative)
Dr. J.N. Eloff (O.F.S. representative)
Dr. F.M. Getliffe
Dr. A. Jacot-Guillarmod (E. Cape representative)
Dr. O.A. Leistner
Prof. O.A. Lewis
Mr. E.G.H. Oliver
Prof. M.C. Papendorf
Prof. J.G.C. Small

The President thanked the outgoing Council members, Prof. P.J. Botha, Prof. H.B. Rycroft and Prof. E.M. van Zinderen Bakker, for their excellent service to the Association.

Prof. H.P. van der Schijff was unanimously re-elected by the new Council to serve as President for a further term of office.

S.A.A.B. (EASTERN CAPE SECTION):- The Eastern Cape Section held their Annual General Meeting on the 13th May, 1972 when the following members were appointed to serve as an interim steering committee:-

Dr. A. Jacot-Guillarmod	-	Acting Hon. Chairman
Mrs. E. Brink	-	Acting Hon. Secretary
Mr. P.J. Ashton	-	Acting Hon. Treasurer
Miss S.C. Troughton	-	Acting Hon. Member for P.E.
Mr. R. Verhoefen	-	Acting Hon. Member for Alice
Dr. D.N. Boshoff	-	Acting Hon. Member for Alice

An Extraordinary General Meeting will be held in August when it is hoped that membership attendance will be sufficiently representative of all the areas in the region to allow for the election of a committee.

The meeting was followed by a most interesting and stimulating talk by Dr. E R.E. Gaunt on "Carbohydrate Metabolism in Pathogenic and other associations". In this he discussed some of his recent work on *Ustilago* (smut) in wheat using C^{14} tracer technique.

Some keys to the E. Cape Flora were handed out (Cruciferae, Capparaceae, Resedaceae and Droseraceae) and this brings our total number of pages up to approximately 50 sheets.

DEPARTEMENT ALGEMENE PLANTKUNDE, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA:-

Mnr. G.K. Theron het saam met prof. F.C. Eloff en J. Bothma van die Departement Dierkunde, besoek gebring aan mnr. Ken Tinley, bioloog aan die Portugese Regering in Mosambiek, en gestasioneer by die Gorongoza-natuurreservaat. Mnr. Tinley is 'n D.Sc.-student in Natuurbeheer by die Universiteit van Pretoria. Die geselskap het ses dae deurgebring in the Natuurreservaat en was veral beïndruk deur die weelderige plantegroei en die groot verskeidenheid plantsoorte en groot troppe wild wat daar voorkom. Die plantegroei toon 'n groot ooreenkoms in spesiesamestelling met dié van die Etosha-natuurreservaat. 'n Oorsig is gekry van die plantegroei vanaf die mangrove aan die kus, die *Brachystegia* - savanne, die grasvlaktes van die valleie, *Acacia nigrecens*-gemeenskappe, die droë woud van die valleie en tropiese woude aan die voet van die berge tot gematigde woud teen die berge wat oorgaan in fynbos en hoë berggrasveld.

Prof. P.J. Robbertse het op 9 Mei 1972 die boere by 'n boeredag op die plaas Castilkopolis van mnr. de Wet Wiid in die Transvaalse Laeveld toegespreek. Sy lesing was geïllustreer met kleurskyfies en was getitel "Die Plantegroei van die Laeveldse Bosveld."

Die tweedejaarstudente het op 26 Mei 1972 op 'n naweekbesoek aan die Blyderivier kloof gegaan. Hulle het 'n studie gemaak van die plantegroei van die Transvaalse Laeveld. Die toer het onder leiding van prof. P.J. Robbertse, wat vergesel was deur mnre. G.K. Theron en W.F. Reyneke en mev. E. Steyn, gestaan.

Mnr. P.D.F. Kok het op 5 Junie 1972 die Natuurbeheer nagraadse studente na die Nasionale Kruger Wildtuin vir 'n studiebesoek van $1\frac{1}{2}$ weke vergesel. Mnr. G.K. Theron het hierdie studente ook vergesel op 'n besoek aan die Loskopdam-natuurreservaat.

Prof. H.P. van der Schijff, hoof van die departement Algemene Plantkunde, het op 10 Mei 1972 na die Verenigde State van Amerika vertrek. Hy is deur die Arnold Arboretum van die Universiteit van Harvard uitgenooi om 'n lesing te lewer tydens 'n fees byeenkoms wat gereël word ter viering van die 100-jarige bestaan van hierdie belangrike plantkundige navorsingsinrigting. Wetenskaplikes van oor die hele wêreld is genooi om die byeenkoms by te woon. In 1965 het prof. Van der Schijff as 'n Mercer Research Fellow aan die Universiteit van Harvard navorsingswerk gedoen.

Tydens sy verblyf in die V.S.A. het prof. Van der Schijff besoek gebring aan verskeie ander instansies, onder andere die Brooklynse en New Yorkse Botaniese Tuine. Hy het ook lesings gelewer oor die plantegroei van Suid-Afrika, die ekologie van die Nasionale Krugerwildtuin en plantkundige navorsing aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het ook tydens sy heen- en terugreis vlugtig besoek afgelê by 'n paar Europese wetenskaplike instansies.

SOUTH AFRICAN ERYTHRINAS is the title of a book to be published soon by the Natal Branch of the Wildlife Protection & Conservation Society.

This book which is written and illustrated by Esmé Hennessy of the Department of Botany, University of Durban-Westville, contains eleven colour plates and numerous line drawings and covers all the indigenous species of *Erythrina* in South Africa. In addition the common, non-indigenous, cultivated species are also included.

The book which is 28 cms x 20 cms will be approximately 50 pages long and will contain notes on the genus *Erythrina* in South Africa with detailed descriptions and keys to the species, notes on their cultivation, their pharmacological properties and other points of interest.

To help finance this publication, the Natal Branch are issuing a limited autographed de luxe edition of 100 copies to sponsors who donate a minimum of R50 towards publication. Subscribers donating R10 or more will receive an autographed copy and be listed in the book with the sponsors.

All applications should reach the Secretary, Natal Branch Wildlife Society, P.O. Box 2985, DURBAN by 15th September, 1972.

- - - - - - -

EDITORS/REDAKSIE:

E.P. du Plessis, CSIR, PRETORIA
E.G.H. Oliver, Botanical Research Unit, STELLENBOSCH.

CORRESPONDENCE/KORRESPONDENSIE:

Mrs. E.P. du Plessis
Division of Information and Research
CSIR, P.O. Box 395
PRETORIA.